Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
SEPTEMBER 2024

Posbus 20 Hermanus 7200

Hermanus	028 313 8000
Gansbaai-Stanford	028 384 8300
Kleinmond	028 271 8400

24/7 Munisipale Nooddienste:

Munisipale Dienste	028 313 8111
Brand & Redding	028 312 2400

Bulletin

#overstrand4all

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

#C4ourself

HERSIENE ORGANISASIESTRUKTUUR

In Februarie 2024 het die Raad 'n nuwe organisasiestruktuur goedgekeur. Hierdie wysiging het dit vir Munisipaliteit Overstrand moontlik gemaak om sy organogram te hersien en ooreenkomstig wetgewing te herontwerp sodat daar nie net aan diensleweringsbehoeftes voldoen word nie maar ook die lewering en kontinuïteit van funksies in die hand werk.

Soos uit Munisipaliteit Overstrand se goedgekeurde makrostruktuur blyk, sal munisipale funksies in die toekoms onder sewe direktorate (nie ses nie) ressorteer. Hierdie groot verandering is te weeg gebring weens die ontbinding van die voormalige direktoraat ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling en die inbring van die direktoraat infrastruktuur-dienste en die direktoraat beplanning en ontwikkeling. Ten tyde van die goedkeuring van die nuwe makrostruktuur het Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie, daarop gewys dat die voortspruitende organogram 'n lewende dokument is wat ontplooi en verfyn sal word namate bedryfsbehoeftes verander.

Hier volg 'n beknopte oorsig van beduidende funksionele hertoewysings (indien enige) per direktoraat:

- **KORPORATIEWE DIENSTE**
  - Geen groot veranderinge nie behalwe vir die verskuiwing van sommige funksies na die Kantoor van die Munisipale Bestuurder.
- **FINANSIËLE DIENSTE**
  - Geen groot veranderinge nie, behalwe dat vlootbestuur in die toekoms onder hierdie direktoraat sal ressorteer.
- **INFRASTRUKTUURDIENSTE**
  - Beduidende veranderinge behels die oordrag van bedryfsdienste (d.w.s. water, stormwater en paaie) vanaf die direktoraat gemeenskapsdienste na hierdie nuutingestelde direktoraat.
- **BEPLANNING & ONTWIKKELING**
  - Oor die algemeen gaan alle funksies wat voorheen onder "ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling" geressorteer het nou onder hierdie direktoraat ressorteer. Die uitsondering is dat die portefeulje "toerisme" in die toekoms onder die Kantoor van die Munisipale Bestuurder gaan ressorteer.
- **MUNISIPALE OPENBARE VEILIGHEID**
  - Voorheen bekend as "beskermingsdienste" bly die funksies van hierdie direktoraat onveranderd.
- **GEMEENSKAPSDIENSTE**
  - Behalwe dat bedryfsdienste nou aan die direktoraat infrastruktuurdienste toegewys is, is geen verdere beduidende veranderinge aangebring nie.
- **KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER**
  - Deur sommige funksies wat voorheen onder die direktoraat korporatiewe dienste en die direktoraat gemeenskapsdienste geressorteer het aan hierdie kantoor toe te vertrou, sal Munisipaliteit Overstrand na verwagting in 'n beter posisie wees om sy verpligtinge met betrekking tot regeringsbestuur en -oorsig na te kom.

KORPORATIEWE DIENSTE	FINANSIËLE DIENSTE	INFRASTRUKTUUR DIENSTE	BEPLANNING & ONTWIKKELING	MUNISIPALE OPEN-BARE VEILIGHEID	GEMEENSKAPS-DIENSTE	KANTOOR VAN MUNISIPALE BESTUURDER
Direkteur: Desireé Arrison	HFB: VAKANT	HOOFINGENIEUR: STEPHEN MÜLLER	DIREKTEUR: VAKANT	DIREKTEUR: NEVILLE MICHAELS	DIREKTEUR: SEON SWARTZ	MUNISIPALE BESTUURDER: DR DEAN O'NEILL
Risikobestuur Menslike hulpbronne IKT Sakestruktuur en kliëntbetrekkinge Administratiewe ondersteuningsdienste Munisipale Hof	Finansiële rekeningkunde Inkomstebestuur Uitgawe-, vloot- en batebestuur Voorsieningskanaal-bestuur	Siviele ingenieursbeplanning Siviele ingenieursdienste Elektriese bedrywe en instandhouding Projekbestuurseenheid	Dorp- en ruimtelike beplanning Omgewingsbestuur Boubeheer Sosio-ekonomiese dienste Eiendomsbestuur	Verkeersdienste Wetstoepassing Brandweer-en-reddings-dienste en rampbestuur Veiligheid, sekuriteit en CCTV	Parke, ontspanning, begraafplase en afvalverwydering Geïntegreerde menslike nedersettings en ontwikkeling Fasiliteite, sale en gebou-instandhouding	Strategiese ondersteuningsdienste Regsdienste en kontrakbestuur Interne oudit Verkiesingseenheid

Chelsea-blomme in Stanford

"Die aankondiging dat *TIME Magazine* die Hannarie Wenhold- Botaniese Kunsgalery, wat die Grootbos Florilegium huisves, ingesluit het by 2024 se *World's Greatest Places* kon nie op 'n beter tydstip gekom het nie," het die beskermvrou van ***CHELSEA FLOWERS IN STANFORD***, Uitvoerende Burgemeester van Overstrand, dr. Annelie Rabie, gesê.

"Erkenning van hierdie aard bevestig nie net die reusebydrae wat die Grootbosstigting tot op hede ter bewaring van ons unieke floristiese erfenis gelewer het nie, maar sal beslis opnuut belangstelling prikkel in hierdie tentoonstelling wat 'n presiese weergawe is van die ontwerp wat vroeër vanjaar 'n goue medalje vir Suid-Afrika by die RHS Chelsea-blommeskou in Londen ingepalm het en boonop as beste uitstalling in die pawiljoen en beste nuwe ontwerp bekroon is," het die Burgemeester bygevoeg.

CHELSEA FLOWERS IN STANFORD kan van **21 September to 6 Oktober 2024** by Koningin Victoriastraat 32 besigtig word.

Benewens 'n paar uiters seldsame spesies sal die Grootbos Florilegium ('n private versameling van botaniese fynboskunswerke) ook ten toon gestel word.

Kaartjies kan teen R175 p.p. via Webtickets of teen R200 p.p. by die deur gekoop word.

ELEKTRISITEIT

Kom ons Gesels oor... MUNISIPALITEITE SE VERPLIGTINGE & MANDATE

Ingevolge die Grondwet is elektrisiteit 'n bevoegdheid wat aan plaalike owerhede toegewys is, wat daarop neerkom dat die reg om elektrisiteit binne 'n bepaalde voorsieningsgebied aan verbruikers te verkoop aan munisipaliteite opgedra is, met dien verstande dat hulle aan die lisensievoorwaardes voldoen. Plaaslik is Munisipaliteit Overstrand verantwoordelik vir die retikulering en verspreiding van elektrisiteit in die Groter Hermanus-, Hawston-, Groter Gansbaai-, Kleinmond- en Stanfordgebied. Alle ander gebiede word deur Eskom voorsien.

Aangesien volhoubare voorsiening van voldoende elektrisiteit en krag onontbeerlik vir groei en ontwikkeling in die Overstrand is, is ons as plaaslike owerheid daartoe verbind om gehaltedienste aan inwoners in die aangewese gebiede te voorsien. Hierby ingesluit is die uitbreiding van daardie dienste na mense wat tot op hede nog nie toegang daartoe gehad het nie.

Met hierdie doel voor oë doen ons ons bes om te verseker dat almal, ongeag hul finansiële vermoëns, toegang het tot veilige en betroubare elektrisiteitsvoorsiening wat aan aanvaarbare nasionale standaarde voldoen.

Selfs al is Overstrand van Eskom se nasionale netwerk afhanklik vir elektrisiteitsvoorsiening, is dit die munisipaliteit se verantwoordelikheid –

- om ons verspreidingsnetwerk te beplan, te ontwerp en te bedryf;
- om te verseker dat ons kliënte se verbruik na behore gemeet en aangeteken word; en
- om alternatiewe kragbronne ter versekering van toekomstige volhoubaarheid te bevorder.

HALING VAN KRAGVERSKAFFINGSKOSTE

NERSA, Suid-Afrika se nasionale energiereguleerder, het onlangs toegegee dat plaaslike owerhede, wat gelisensieer is om elektrisiteit aan verbruikers te verkoop, se volhoubaarheid daarvan afhanklik is dat hulle die geleentheid gegun moet word om die billike koste verbonde aan die lewering van sodanige diens te verhaal, plus 'n redelike opbrengs.

Die voorwaarde is egter dat alle sodanige lisensiehouers 'n omvattende koste-van-voorsieningstudie, soos voorgeskryf deur NERSA, moet onderneem.

Na die suksesvolle voltooiing van die koste-van-voorsieningstudie, het Overstrand onlangs die eerste fase van sy nuwe kostereflektiewe elektrisiteitstariewe geïmplementeer. Die nuwe tariewe het op 1 Julie 2024 in werking getree en geld vir alle verbruikers binne die Munisipaliteit Overstrand se elektrisiteit-verspreidingsgebied.

AANGEPASTE ELEKTRISITEITSTARIEWE

Vanaf 1 Julie 2024 bestaan elektrisiteitsrekeninge, ooreenkomstig NERSA se voorskrifte, uit drie items: 'n basiese maandelikse heffing, 'n kapasiteitsheffing en 'n energieheffing (kWh).

Let daarop dat heffings vir maandelikse verbruik tot tyd en wyl steeds bereken sal word teen die trapsgewys stygende bloktariewe waarna verwys word in die "Electrical Services: *How to Guide*" wat op die munisipaliteit se webtuiste beskikbaar is.

Die basiese maandelikse heffing dek die koste om jou aan die netwerk gekoppel te hou en word glad nie beïnvloed deur die hoeveelheid elektrisiteit wat jy verbruik nie. Die basiese heffing is bestem vir die instandhouding van jou diensaansluiting, terugbetaling van die kapitaal wat geïnvesteer is en vir die dekking van salarisse en lone sowel as enige ander koste wat nie regstreeks verband hou met die hoeveelheid elektrisiteit wat gebruik word nie. Alle erwe binne Overstrand se elektrisiteitverspreidingsgebied betaal 'n basiese maandelikse heffing vir elektrisiteit sodat koste billik tussen alle verbruikers versprei word

Die kapasiteitsheffing verwys na die ***leweringsvermoë*** wat die munisipaliteit vir jou eiendom gereserveer het en word in die algemeen na verwys as die ***grootte van jou aansluiting*** wat deesdae enige van die volgende kan wees: 30, 40, 50 of 60 ampère.

Hoe laer die ampère, hoe minder die toestelle wat gelyktydig aangeskakel kan word – wat daarop neerkom dat jy beter beheer oor huishoudelike verbruik en, by implikasie, jou elektrisiteitsrekening kan uitoefen.

MEETTOESTELLE

Die munisipaliteit se norm is dat koopkragmeters vir alle residensiële verbruikers geïnstalleer moet word. As sodanig is dit verpligtend dat alle nuwe residensiële aansluitings met 'n koopkragmeter toegerus moet word.

Desnieteenstaande word die volgende tipes installasies tans deur Overstrand bedryf:

- **Kredietmeterstelsels** – Verbruikers ontvang 'n deurlopende toevoer van elektrisiteit en word maandeliks gefaktureer gegrond op die hoeveelheid wat hulle gebruik of na raming sou gebruik het.

- **Koopkragmeterstelsels** – Hiervolgens moet verbruikers, net soos in die geval van 'n vooruitbetaalde selfoon, elektrisiteit vooraf koop.

DIE GROOTTE VAN JOU AANSLUITING

Alle residensiële kliënte binne Munisipaliteit Overstrand se elektrisiteitverspreidingsgebied wat van koopkragmeters gebruik maak en tans 'n aansluiting van meer as 30 ampère het, word voortaan die geleentheid gegun om hul aansluitingsgrootte na 30, 40, 50 of 60 ampère te verander. Daardie kliënte sal die geleentheid gegun word om hul aansluitingsgrootte gratis een keer in die 2024/25-boekjaar te verander.

Die grootte van jou aansluiting beperk nie die aantal eenhede wat gebruik kan word nie, maar het wel 'n impak op die aantal toestelle wat gelyktydig aangeskakel kan word. Die grootte van jou aansluiting het 'n direkte impak op die ***kapasiteitsheffing*** wat in die toekoms gehef sal word ooreenkomstig die munisipaliteit se nuwe kostereflektiewe tariewe wat op 1 Julie 2024 in werking getree het.

Verbruikers wat van kredietmeters gebruik maak, kan ook hierdie geleentheid benut mits hulle bereid is om na 'n koopkragmeter oor te skakel.

Let daarop dat geleenthede om die grootte van jou aansluiting te verhoog of te verlaag, nie tot die huidige boekjaar beperk is nie maar dan aan spesifieke bepalings en voorwaardes onderworpe sal wees. Let ook daarop dat veranderings aan die grootte van jou aansluiting nie op onbeboude erwe van toepassing is nie, en dat laekostebehuising, deerniskliënte en diegene wat van kleinskaalse gekoppelde alternatiewe energie-opwekking gebruik maak se aansluitings uitgesluit is.

Munisipaliteit Overstrand is maar al te bewus dat, om 'n besluit te neem oor watter grootte aansluiting gepas sal wees vir jou huishouding of onderneming, 'n gewigtige saak is. Om jou as verbruiker van hulp te wees, bestudeer gerus die "Electrical Services: *How to Guide*" wat op die munisipaliteit se webtuiste beskikbaar is [overstrand.gov.za > documents > electricity] sodat jy die regte besluit kan neem.

REKENINGVEREFFENINGS
Het jy die regte begunstigde gekies?

Dit het onlangs aan die lig gekom dat sommige belastingbetalers "Overberg District Municipality" in plaas van **"Overstrand Municipality"** uit die lys van "public recipients" gekies het toe hulle hul lys van geregistreerde begunstigdes opgestel het. Aangesien hierdie ***twee verskillende entiteite*** is, beteken 'n betaling aan die verkeerde een dat jou munisipale rekening ***agterstallig*** kan raak.

Let daarop dat Munisipaliteit Overstrand se bankrekenings nou almal by ABSA gehou word. Ons maak gebruik van vier bankrekenings:

- een vir nutsdienste (d.w.s. diensgelde en eiendomsbelasting),
- een vir algemene betalings (bv. hernuwing van lisensies),
- een vir verkeersboetes
- een vir die Onruskaravaanpark

Ons doen 'n beroep op almal wat EFT gebruik om hul rekenings te vereffen om die ou begunstigde(s) uit hul banktoepassings te skrap.

Ons sal dit waardeer as jy met sorg doodseker maak dat jy (a) die korrekte "public recipient" **(Overstrand Municipality)** en (b) die **korrekte rekeningnommer** kies. Maak ook asseblief seker dat jy die korrekte bedrag en verwysingsnommer intik wanneer jy 'n EFT-betaling doen.

Let daarop dat die verlangde bankbesonderhede (d.w.s. rekeningnommer en verwysingsnommer) aangetoon word op alle state, fakture, boetes en kennisgewings wat deur Munisipaliteit Overstrand uitgereik word. Hierdie details is ook op ons amptelike webtuiste beskikbaar. Vir enige navrae oor ons bankbesonderhede, bel 028 313 8000 of rig 'n e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za.

Herstelwerk aan paaie

Natuurlik word die winterreën verwelkom, maar dié buie het ook die geneigdheid om Munisipaliteit Overstrand se vermoë om beskadigde padoppervlakke na behore te herstel, in die wiele te ry.

In die besonder het die swaar reënbuie wat oor die afgelope paar weke uitgesak het, daartoe bygedra dat daar nou heelwat meer slaggate is. Aangesien hierdie slaggate eers moet uitdroog voordat hulle permanent reggemaak kan word, is ons enigste opsie om hulle as 'n tydelike maatreël met gruis op te vul tot tyd en wyl die weer opklaar.

Ons vra om verskoning vir enige ongerief wat veroorsaak word en doen 'n beroep op alle motoriste om ekstra versigtig te wees wanneer hulle in swaar storms bestuur.

Tarief vir nauurse tenkerdienste hersien

Voortaan sal die nauurse tarief slegs geld wanneer 'n klant 'n diens ná 15:00 op 'n weeksdag, of op enige tyd buite normale werksure, versoek en uitdruklik daarop aandring dat die diens op dieselfde dag gelewer moet word soos, byvoorbeeld, in 'n noodgeval.

Dienste kan enige tyd via die *Collab Citizen App* versoek word, welke toepassing ook voortaan tussen twee tipes tenkerdienste onderskei:

- **Normal** (met 'n omkeertyd van drie werksdae)
- **Emergency** (met 'n omkeertyd van 24 uur)

As 'n alternatief, stuur 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za of bel 028 313 8111 in 'n noodgeval.